

PASTORALE BERADINGSKURSUS
VYF MANIERE OM TE SÊ EK IS JAMMER (DIE VYF APOLOGIE TALE)
DINSDAG 17 NOVEMBER 2026 - ZOOM AANBIEDING
Prof Wentzel Coetzer

In hierdie kursus word gefokus op die vyf apologie tale soos treffend beskryf in die boek, *The 5 apology languages. The secret to healthy relationships*, deur Gary Chapman en Jennifer Thomas. By die konferensie van die *American Association of Christian Counselors* in September 2025 het Dr Chapman ook 'n treffende voordrag rondom hierdie tema gelewer. Hierdie vyf apologie tale het reeds vanuit die praktyk geblyk 'n kragtige instrument te wees in situasies waar daar 'n emosionele skaakmat was rondom verhoudinge. Dit gaan basies om vyf maniere waarop gesê kan word dat ek jammer is. Verder is dit ook belangrik dat ek die primêre apologie taal sal ken van die persoon teenoor wie ek apologie wil aanteken ten einde te verseker dat my apologie die nodige trefkrag sal hê. Dit gaan hier om 'n kragtige beginsel in die heling van vertroebelde verhoudings en verwonde emosies. 'n Apologie wat as opreg beleef word, open gewoonlik die deur tot vergifnis en die genesing van pyn wat soms oor jare heen geakkumuleer het. Die belangrikste riglyne vanuit die boek van Chapman en Thomas word vervolgens aan die orde gestel tesame met verdere pastorale kommentaar en voorbeelde.

Kursus oop vir almal

Datum: Dinsdag 17 November 2026.

Tyd: 09.00 – 13.00

Akkreditering: 5x VBO punte, 4x CPSC punte en 5x AFM PCD punte

Koste: R300 pp (R45 ekstra vir inskrywings uit Namibië en die buiteland as gevolg van bykomende bank heffings)

Handboek te koop (opsioneel): R390 (R250 plus R140 vir koerier)

Navrae: 0836600409 (ook WhatsApp) of e-pos: wentzelc@gmail.com

Volg die kursus op 'n later datum:

Persone wat nie die betrokke oggend die kursus kan bywoon nie, kan nogtans registreer en dan agterna 'n skakel ontvang om op enige later datum weer die kursus te kan volg.

Om te bespreek vir die kursus: Klik op die volgende skakel:

<https://forms.gle/fpYThGfC5iVKHFBq9>

